

Saterdag 28 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 2:12-16 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Romeine 2:12, 16

Christus kom oordeel

Met hierdie brief aan die gelowiges in Rome bring Paulus die evangelie van Christus. Dit is die blye boodskap dat God deur Christus red!

Hierdie brief het egter ook 'n teenpool. Oor dié wat sondig, sal geoordeel word. Met heelwat regsterme verduidelik Paulus God se optrede. Hy gebruik terminologie wat in die howe bekend was om by hulle redenasies en siens-wyses aan te sluit. Dit is die mens se geaardheid om selfverontskuldiging of – regverdiging te soek. Ons veroordeel baie maklik iemand anders. Net so hou ek nie daarvan om beoordeel te word nie. Daar word harde woorde in Romeine 2:3 as waarskuwing vir sulke optrede gebruik. Eintlik sê Paulus in vers 16 dat die oordeel van God deur Christus kom. Om dit te verstaan, gebruik hy die voorbeeld van mense wat sonder die wet van Moses gesondig het, teenoor hulle wat onder die wet gesondig het. Daarmee sluit hy elke mens in – die Jode sowel as die nie-Jode. Daar was Jode wat sedert hulle geboorte met God se wet grootgeword het en dan was daar bekeerlinge van die evangelie.

Wanneer Christus dan oordeel, word een groep nie bo 'n ander bevoordeel of benadeel nie. Elkeen ontvang dieselfde genade. God trek niemand voor nie. God is regverdig en vra rekenskap van dit wat jy ontvang het. Jy kan nie op grond van verdienste aanspraak maak op 'n ander beoordeling nie. Niemand het enige verontskuldiging nie.

Daarom word ons opgewek om behoorlike selfondersoek te doen. Dan besef ek dat ek net op Christus se verlossing kan vertrou en self niks het om aan te bied nie.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 3, 6

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)